

# Geskeiedenis van die Kraalshoek Stamboom (Leiers)

***NB:* Hierdie skrewe kom vanaf mondelinge onderhoude met Mnr. Johannes Kraalshoek. Alhoewel hierdie gebeure nie histories korrek is nie moet daar tog waarde daaraan geheg word, want dit is soos hy dit vanaf sy ouers en ander familie lede geléer het.**

Die Leierskap ter sprake:

1. Jan Kraalshoek
2. Hendrik Kraalshoek I
3. Benjamin Kraalshoek
4. Hendrik 'Spruit' Kraalshoek II
5. Hendrik 'Klein Spruit' Kraalshoek II
6. Stefanus Kraalshoek
7. Johannes 'Doenkie' Kraalshoek

## Historiese Gebeure

### 1. Jan Kraalshoek

Geboorte datum onbekend, hy was 'n Raadsman in die huis van Kaptyn Adam Kok II, waar hy 'n **verdrag** met hom onderteken het in die jaar 1833. In 1843 is die verdrag hernu deur Kaptyn Adam Kok III*. In dieselfde jaar, 1843 wys hy sy seun Hendrik Kraalshoek I as sy opvolger aan. Hy verhuis na Kimberley waar sy seun Benjamin Kraalshoek agter bly in Kimberley.

### 2. Hendrik Kraalshoek I

****The Captaincy of Philippolis by Karel Schoeman***

Geboorte datum onbekend, was woonagtig te Brannewynsfontein (Bethane). Gedurende 1911 in die tyd van Goliath Yzerbeck (die Koranna Leier) het alle stamleier 'n brief ontvang van die Lutherse Kerk se Hoofkantoor. *"Van nou af moet julle betaal vir julle vee."* het die brief gelees. Die meeste mense was ontevrede oor die versoeking en baie mense het om die rede verhuis (van die mense het onder die boere gebly). Hendrik het alle Griekwas by mekaar geroep wie daar was en hulle versoek, as leier om die geld in te betaal, om die vrede te behou en indien daar weer 'n versoeking sou kom sal hulle dan verhuis. Hy word besoek deur sy broer Benjamin Kraalshoek (wie agter gebly het in Kimberley tydens die groot trek en gedien het as Raadsman in die huis van Kaptyn Waterboer) te Brannewynsfontein.

Gedurende hierdie besoek het hulle 'n gesprek gehad rondom die Leieskap vanweë die **verdrag** wat uit gemaak is en ook dat Kaptyn Adam Kok III verhuis het na Niemandsland. Benjamin se versoek was dat 'n Kaptyn aan gewys moes word, siende dat daar 'n verdrag was. Hendrik het saam gestem maar het ook by gevoeg dat dit nie regte tyd was vir 'n Kaptyn maar wel 'n Stamvader. In 1932 word Hendrik ongeskik as leier verklaar, waar hy in dieselfde jaar sy oudste seun Willem se oudste seun Hendrik "Spruit" Kraalshoek II aanwys as stamvader.

Nadat die oorlog bedaar het, het die meeste mense uitgetrek (80 waens) van alby die Griekwa en die en die korannas. Meete van die plaas werkers en hulle families het agter gebly bv. die Botstwanas en die Barolongs. Hendrik Kraalshoek I en sy famlie het hulle self gehuiusves op die plaas Plitsplasdrift (die plaas van Gert bydendag 'n buurman van Hendrik Kraalshoek I).

### 3. Benjamin Kraalshoek

Ook was sy geborte datum onbekend. Hy was op Kimberley gehuisves waar hy gedien het as in die huis van Kaptyn Waterboer. Na sy besoek aan Hendrik te Bethane, het hy terug gekeer na Kimberley.

### 4. Hendrik 'Spruit' Kraalshoek II

Van Plitspladrift het hulle plaas vir plaas getrek teen die grenslyn van Brannewynsfontein, Bloemfontein, Ostmanspost en Kaffer Rivier. Sy geboorte datum is onbekend. Hy word as stamvader aangwys in 1932. Hy sy broer, Andries Kraalshoek, sy pa en die pastoor het 'n besluit geneem om 'n brief te skryf aan die Hoof Lutherse Sendelings Kerk in Duitsland. Dit moes as volg geskryf word: *" Die Kraalshoek vader vra*

***Die Geskeidenis van die Kraalshoek-Familie van Bethanie in die Vrystaat – Prof. P. A. Erasmus***

*om terug te trek na hul oorspronklike grond Brannewynsfontein (Bethane) en omdat hulle al hoe verder trek vanaf di ekerk is dit onmoontlik om hul nagmaal te ontvang. Die pastoors het ook by- gevoeg dat 'n gesukkel is om by die gemeente uit te kom, want hulle moes beide voer vir hul perde en nagmaal laai en laastens ook ongerieflik moes oornag."* Gedurende hierdie tyd was die huidige pastore, Pastoor Reckling en Pastoor Louw gewees. In die jaar 1952 het die Kraalshoek familie amptelik terug getrek na Bannewynsfonein (Bethane). Hulle het hulle weer gehuisves op die plek waar Hendrik 'Spruit' Kraalshoek I gewoon het. Die gene wat terug getrek het was die families van Hendrik Kraalshoek II, Andries Kraalshoek en ook Willem Kraalshoek.

## 5. Hendrik 'Klein Spruit' Kraalshoek III

Ook sy geboorte datum is onbekend. Hy word as stamvader aangewys in die jaar 1960 op die grond Brannewynsfontein. Met die terug trek van die familie op die plaas het die kerk gesê: *"Die plek is oor geneem deur die kerk self en daar mag nie geploeg word nie"* Om die rede moes die groot seuns uitgaan na die stede om te werk.
Met sy (Hendrik 'Klein Spruit') aanwysing as stamvader het hy gekla dat hy nie kan skryf nie en so is Johannes 'Doenkie' Kraalshoek ingeroep om hom by te staan en as leier te dien in die stede waar Hendrik 'Klein Spruit' sou dien op die plaas.

Hendrik 'Spruit' deel met hulle mee oor die bestaan van die verdrag, waar hulle ook aangeraai is, sodra die mense die reg het om gronde te eis, moet hulle die grond terug te eis aangesien dit onder die kerk se besit is. In 1970 in Desember maand op die plaas Suidpres (Edenburg distrik) besoek Johannes vir Hendrik 'Klein Spruit' waar hy vir Johannes aan raai om sy pa se agant te besoek en te onderhandel oor die grond (die gebeure was tydens die apartheids jare waar Mnr. Rosendorf, Johannes se pa se agent was).

Weens die besoek van Johannes aan die agent het hy uitgevind dat die grond is aan die kerk as titel houers namens die eienaars. In 1970 het Johannes met die inskrywings van die namelyse begin. Stigters van die inskrywings gedurende die tyd was Dominee Gordon en Mnr. Appies.

## 6. Stefanus Kraalshoek

Stefanus Kraalshoek was die seun van Jan en Griet Kraalshoek. Hy het met die Elizabeth Yzerbeck getrou. Sy en Hasieboy, haar broer was die kinders van Kaptyn Goliath Yzerbeck. Omdat Elizabeth die oudste was kon Hasieboy nie aanspraak maak op

***Die Geskeidenis van die Kraalshoek-Familie van Bethanie in die Vrystaat – Prof. P. A. Erasmus***

die kapteinskap van sy pa nie*. Met die geprek oor die bruilofstafel, het Hendrik 'Spruit' Kraalshoek II aan Goliath Yzerbeck mee gedeel dat die kapteinskap na die Kraalshoek familie geskyf het weens die troue van hul Kraalshoek seun met die dogter van die koranna kaptyn.

## 7. Johannes 'Doenkie' Kraalshoek

Gebore op 22 Januarie 1933 te Bethanie. Hy was die oudste seun van Andries en Louisa Kraalshoek. Hy begin sy skool loopbaan op Austin's Post, 'n Tswana medium skool tussen Bethane en Oppermansgronde.

Hy is later na 'n Afrikaans medium skool op Tierpoortdam (toe bekend as Kaffer rivier). Weens die swak sosio-ekonomiese omstandigehede op die plaas was hy verplig om in Bloemfontein te gaan werk en sy skool loopbaan kom tot 'n einde. Hy trou met Johanna Beukes op 3 November 1961 in Bloemfontein. Hieride huwelik was geseënd met agt (8) kinders.

### 7.1 Stigting van die Bethane Komitee

In 1974 net na die dood van sy **vader**, het hy dit op hom geneem om die verlore Khoe & San **kinders** in die Vrystaat bewus te maak van hul ryke kultuur, geskeidenis en hul erfenis.

Dis hier waar die Griekwa beweging weereens ontstaan het. Hy word aangestel as ouderling by die Lutherse Kerk te Bethane. Met sy vele rystogte deur die Vrystaat, het hy daarin geslaag om op elke streek 'n leier aan te wys. Alhoewel hy hierdie mylpaal behaal het,  sou dit eers later tot nut vir hom wees. Weens die feit dat hy ongeletterd was , het hy hulp ontvang vanaf vele kerk leiers en ook gemeenskaps leiers. Van hierdie leier het ingesluit: **Ds. Gordon, Mnr. Appies, Mev. M. Harmse (Ant. Queenie) en Mnr. K. Olifant.** Tesame het die beweging bekend gestaan as die Bethanie Komitee.

### 7.2 Stigting van die Griekwa Raad

Sedert 1982 – 1993 het die Bethane Komitee verander na die Griekwa Raad. Dieselfde stigters lede van die Bethane Komitee was betrokke by die stigting van die Griekwa Raad. Dis net Mr. P. Bahumi wat by die raad kom aansluit het.

Ds. Gordon het hom in 1990 bekend gestel aan die **Griekwa Nasionale Konferensie van Suid Afrika (GNK)**. Die GNK, het 'n groot belanstelling in sy werke getoon en

***Die Geskeidenis van die Kraalshoek-Familie van Bethanie in die Vrystaat – Prof. P. A. Erasmus***

hom genooi om by hulle aan te sluit. In 1993 word hy aangestel as Hoofman oor die Vrystaat Provinsie. Hy word dan ook deel van die **GNK se Raad van Hoofmanne** onderleiding van **Opperhoof Andrew Abraham Stockenstroom Le Fleur II.** Hy voer 'n titaniese stryd teen die Lutherse Kerk vir die Bethanie gronde en in die jaar 1993 kry hy die toestemming op Golden Gate, om die grond te eis. In dieselfde jaar wên hy die eerste Grond Restitusie Saak in die Vrystaat. Die gemeenskap wat hy die grond terug gekry het voor was: die Griekwa -; die Koranna - ; die Se-Sotho en die Barolong gemeenskape. In 1994 verander hy die **Bethanie Komitee** na het die **"Bethane Communual Property Association" (BCPA)** stelsel.

### 7.3 GNK Vrystaat Provinsiale Raad

Na vele sukses word die GNK Vrystaat Provinsiale Raad gestig op 28 September 2002 in Bloemfontein, Mr. F. Kraalshoek verkies as die Provinsiale Voorsitter. Die Raad bestaan tans uit die volgende streke: **Bloemfontein, Boshof, Bethulie, Bethanie, Welkom, Springfontein, Edenburg, Philippolis, Rouxville, Xhariep Dam en Thaba Putsoa.**

Die doel van hierdie Raad is om die implimenteering van die Johannesburg Deklerasie in die VS te laat geskeid en om die velore Griekwa volk tot 'n eenheid saam te bring in die Vrystaat Provinsie. Op 25 – 27 Maart 2005, word die eerste GNK Jaaarlikse Konferensiete Philippolis gehou. Griekwa volksgenote vanaf die hele Suid Afrika het die historiese gebeurtenis by gewoon. Tydens die konferensie was die volgende aangestellings gedoen onder Johannes Kraalshoek:

- Edward C. Human — GNK Hoof Jeug vereeniging – VS Provinsie
- Daniël Kraalshoek — GNK Hoof Jeug vereeniging – VS Provinsie
- Ben Barnes — Griekwa Independente Kerk as Leraar – VS Provinsie
- Benjamin Shebe — GNK Hoof Burger vereeniging – VS Provinsie
- Lezelle Kralshoek — GNK Hoof Vroue vereeniging – VS Provinsie
- Andrew Kraalshoek — GNK Hoofman Bloemfontein streek
- Louise Zaabel — GNK Hoofman Edenburg streek
- Eugene White — GNK Hoofman Bloemfontein streek
- Willem Mouers — GNK Hoofman Boshof streek
- Frans Raadt — GNK Hoofman Springfontein streek

***Die Geskeidenis van die Kraalshoek-Familie van Bethanie in die Vrystaat – Prof. P. A. Erasmus***

Die status van hoofman Johannes Kraalshoek het behoue gebly oor die hele Vrystaat Provinsie, alhoewel Mev. Jane Medican as Hoofdin oor Philippolis en Mnr. Hillary Thekisho as Hoofman oor Oppermansgronde aangewys was.

### 7.4 Vrystaat Griekwa Raad

Gedurende 2006 het hy bande verbreek met die Griekwa Nasionale Konferensie van Suid Afrika vanweë die volgende redes:

- Die GNK wou nie die status van Kaptyn Johannes Kraalshoek in die Vrystaat erken nie. Met die aanstelling van Mev. Jane Medican as Hoofdin en Mnr. Hillary Thekisho as Hoofman het die GNK sy status minag nadat hulle hom Hoofman oor die hele Provinsie aan gestel het.
- Werksaamhede en onderhandelinge met plaaslike regerings kantore moet deur die Hoofkantoor in Kranshoek geskeid en nie deur ons op Provinsiale vlak nie.
- Die uitsluiting van Griekwa verwante Projekte wat in die Provinsie gedoen word.

Die Vrystaat Provinsiale Raad het verander na die Vrystaat Griekwa Raad en word nog steeds gelei deur Kaptyn Johannes Kraalshoek.

Opgestel deur: Edward Charles Human en Dydri-Anne Kraalshoek
Direkte woorde van Kaptyn Johannes Kraalshoek, Kaptyn: VS Griekwa volk

## Belangrike datums vir die Stamboom

Andries Kraalshoek
Gebore: 28/02/1913
Gesterwe: 30/12/1961

Louisa Kraalshoek
Gebore: 21/05/1915
Gesterwe: 26/07/1972

Minah Kraalshoek
Gebore: 02/03/1913

Hendrik 'Kleinspruit' Kraalshoek
Gebore: 25/05/1930

Johannes 'Doenkie' Kraalshoek
Gebore: 22/01/1933

Sam Kraalshoek
Gebore: 17/07/1940

Ben Kraalshoek
Gebore: 31/07/1940
Gesterwe: 17/02/2002

Booi Kraalshoek
Gebore: 25/02/1941

Johanna Kraalshoek
Gebore: 07/11/1943

Suzan Kraalshoek
Gebore: 19/04/1945

Bettie Kraalshoek
Gebore: 11/03/1948

Anton Kraalshoek
Gebore: 16/03/1946

Maria Kraalshoek
Gebore: 09/11/1949

Jakobus Kraalshoek
Gebore: 18/02/1951

Sophie Kraalshoek
Gebore:11/11/1951

Pappie Kraalshoek
Gebore: 28/10/1953

Katrina Kraalshoek
Gebore:07/04/1955

Louisa Kraalshoek
Gebore: 09/10/1955

Anna Kraalshoek

Andrew Kraalshoek

***Die Geskeidenis van die Kraalshoek-Familie van Bethanie in die Vrystaat – Prof. P. A. Erasmus***

Gebore: 06/09/1960

Gebore: 04/03/1964

Frans Kraalshoek
Gebore:16/04/1967

Jane Kraalshoek
26/06/1968

Lezelle Petronella Kraalshoek
Gebore: 26/09/1969

Martin Kraalshoek
Gebore: 14/06/1970

Elizabeth Kraalshoek
Gebore: 30/07/1970

Hellen Kraalshoek
Gebore: 16/04/1972

Tryphina Kraalshoek
Gebore: 20/03/1974

Vickus Kraalshoek
Gebore: 29/03/1975

Daniël Kraalshoek
Gebore: